

Republiek van Suid-Afrika
Nasionale Departement van Landbou

IRiphabliki yoMzantsi-Afrika
ISebe lezoLimo likaZwelonke



I-Riphabliki yaseNingizimu Africa
UMnyango kaZwelonke wezoLimo

Republiki ya Afrika-Borwa
Kgoro-kgolo ya Temo

Republic of South Africa
National Department of Agriculture
SUBDIREKTORAAT: VEEVERBETERING
Privaatsak X138
PRETORIA 0001

LET WEL: 1. Geliewe die inligtingsdokument hierby aangeheg te bestudeer.
2. Voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie indien u adres verander en stuur aan hierdie kantoor.

SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE VAN 'N BRANDMERK
(Wet op Veebrandmerke, 1962)

Hiermee word gesertifiseer dat 'n brandmerk met die patroon en samestelling, soos op die bylae verskyn, op hede die **VIERDE** dag van **JULIE** 1996 geregistreer is in die naam van **JACOB PETRUS COETZEE** identiteitsnommer/maatskappynommer 5511025033003 van die adres "BLOEMHOF", POSBUS 5, PARYS. 9585 vir gebruik op kleinvee/grootvee/varke ~~of volstruise~~.

Indien u enige vrae het, is u welkom om hierdie kantoor te nader.

Die uwe

B. J. Swinrod

DIE REGISTRATEUR VAN BRANDMERKE

KENNISGEWING VAN ADRESVERANDERING

Aan: Die Registrateur van Brandmerke, Departement van Landbou, Privaatsak X138, Pretoria, 0001

Hiermee word u in kennis gestel dat die adres van **JACOB PETRUS COETZEE** verander het.

Geregistreerde adres
"BLOEMHOF",
POSBUS 5,
PARYS.

Nuwe adres

9585

Handtekening

Datum




Enquiries: MNR P LATEGAN
COE3
Reference No.



(012) 319-7433
(012) 3290499




THE POSSIBLE CONFIGURATIONS IN WHICH THE BRAND CAN BE USED
MOONTLIKE KONFIGURASIES WAARIN BRANDMERK GEBRUIK KAN WORD



TATTOO FOR SHEEP AND GOATS

TATOEËERMERK OP SKAPE EN BOKKE



ALGEMENE INLIGTING

BRANDMERKE VIR VEEGROEPE

Regulasie 6.

(1) 'n Brandmerk in die geval van grootvee bestaan uit een tot drie karakters en die karakters word gebrandmerk -

- (a) langs en 12,5 mm tot 19 mm van mekaar;
- (b) onder en 12,5 mm tot 19 mm van mekaar;
- (c) in 'n gelyksydige driehoekspatroon waarin die eerste karakter die toppunt vorm en die ander twee karakters langs en 12,5 mm tot 19 mm van mekaar en 12,5 mm tot 19 mm onder die eerste karakter, die basis vorm; of
- (d) in 'n gelyksydige driehoekspatroon waarin die eerste karakter die onderpunt vorm en die ander twee karakters langs en 12,5 mm tot 19 mm van mekaar en 12,5 mm tot 19 mm bokant die eerste karakter, die boonste sy vorm.

(2) 'n Brandmerk in die geval van kleinvee en varke bestaan uit een tot drie karakters en die karakters word getatoeër -

- (a) langs en 6 mm van mekaar; of
- (b) onder en 6 mm van mekaar.

(3) 'n Brandmerk in die geval van volstruise bestaan uit een tot twee karakters en die karakters word -

- (a) onder en 6 mm van mekaar gebrandmerk;
- (b) onder en 6 mm van mekaar getatoeër; of
- (c) langs en 6 mm van mekaar getatoeër.

KARAKTERGROOTTES VIR BRANDMERKE

Regulasie 7.

In die geval van -

- (a) grootvee, mag die grootte van 'n karakter ten tye van die aanbring van 'n brandmerk op die dier by wyse van brandmerking, nie kleiner as 40 mm en nie groter as 100 mm by die wydste en nie kleiner as 40 mm en nie groter as 100 mm by die hoogste plek wees nie;
- (b) kleinvee en varke, mag die grootte van 'n karakter ten tye van die aanbring van 'n brandmerk op die dier by wyse van tatoeëring, nie groter as 19 mm by die wydste en 19 mm by die hoogste plek wees nie;
- (c) volstruise, mag die grootte van 'n karakter ten tye van die aanbring van 'n brandmerk op die dier by wyse van tatoeëring, nie groter as 19 mm by die wydste en 19 mm by die hoogste plek wees nie; en
- (d) volstruise, mag die grootte van 'n karakter ten tye van die aanbring van 'n brandmerk op die dier by wyse van brandmerking, nie groter as 25 mm by die wydste en 25 mm by die hoogste plek wees nie.

OUERDOM VAN VEE BY BRANDMERK

Regulasie 8.

(1) Niemand mag 'n brandmerk by wyse van brandmerking aanbring nie op -

- (a) grootvee onder speenouderdom; of
- (b) volstruise onder die ouderdom van 6 maande.

(2) Niemand mag 'n brandmerk by wyse van tatoeëring aanbring nie op -

- (a) kleinvee onder die ouderdom van 6 maande;
- (b) varke onder speenouderdom; of
- (c) volstruise onder die ouderdom van 1 week of bo die ouderdom van 6 maande.

LIGGAAMSDELE WAAROP VEE GEBRANDMERK WORD EN DIE POSISIE WAARIN OPEENVOLG- ENDE BRANDMERKE MET BETREKKING TOT MEKAAR AANGEBRING WORD

Regulasie 9.

(1) In die geval van -

- (a) grootvee, moet 'n brandmerk eerstens op die linkeragterbeen en daar na op die linkerblad, die regteragterbeen en regterblad deur opeenvolgende eienaars by wyse van brandmerk aangebring word;
- (b) kleinvee, moet 'n brandmerk eerstens in die linkeroor en daarna in die regteroor, linkerokselomgewing en regterokselomgewing deur opeenvolgende eienaars by wyse van tatoeëermerk aangebring word; en

(c) varke, moet 'n brandmerk eerstens in die linkeroor en daarna in die regteroor deur opeenvolgende eienaars by wyse van tatoeëermerk aangebring word.

(2) In die geval van -

(a) volstruise jonger as 6 maande, moet 'n brandmerk onder die linker- vlerk-omgewing by wyse van tatoeëermerk aangebring word; en
(b) volstruise ouer as 6 maande, moet 'n brandmerk eerstens op die linker-kerdy aan die buitekant en daarna op die regterdy aan die buitekant deur opeenvolgende eienaars by wyse van brandmerking aangebring word.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subregulasies (1) en (2) mag 'n brandmerk op dieselfde liggaamsdeel as die jongste vorige brandmerk aangebring word indien daar genoegsame spasie is en dit direk bokant sodanige vorige brandmerk aangebring word.

WYSE WAAROP BRANDMERK AANGEBRING MOET WORD

Regulasie 10.

(1) 'n Brandmerk moet op so 'n wyse aangebring word dat dit 'n permanente leesbare merk sal nalaat.

(2) Geen syfermerk of opeenvolgende brandmerk in regulasie 9 bedoel mag binne 50 mm van 'n bestaande brandmerk aangebring word nie.

KENNISGEWING DEUR SKUTMEESTER

Regulasie 11.

(1) 'n Kennisgewing wat ingevolge artikel 17 van die Wet deur 'n skutmeester aan die eienaar van 'n brandmerk gegee moet word, moet besonderhede bevat betreffende -

- (a) die naam en adres van die skut;
- (b) die datum van uitreiking;
- (c) die naam en adres van die eienaar van die brandmerk;
- (d) die beskrywing van die brandmerk;
- (e) die beskrywing van die vee;
- (f) die aantal vee van elke beskrywing;
- (g) die datum waarop die vee van elke beskrywing geskut is;
- (h) die datum waarop die vee van elke beskrywing per veiling verkoop gaan word; en
- (i) die bedrag wat ingevolge die bepalings van subregulasie (2) deur die eienaar betaalbaar is.

(2)(a) 'n Kennisgewing in subregulasie (1) bedoel moet per gesertifiseerde pos aan die eienaar van die vee wat geskut is, versend word.

(b) Die bedrag in item 3 van die Tabel vermeld moet deur die betrokke eienaar aan die skutmeester betaal word ten opsigte van so 'n kennisgewing.

(c) Ongeag die aantal vee met dieselfde brandmerk wat ten tye van die uitreiking van so 'n kennisgewing in die skut verkeer, reik die skutmeester slegs een kennisgewing uit.

MISDRYWE EN STRAWWE

Regulasie 12.

Iemand wat -

(a) 'n brandmerk deur middel van 'n warm yster op kleinvee of varke aanbring;

(b) 'n brand- of syfermerk nader as 50 mm aan 'n bestaande brandmerk op grootvee aanbring;

(c) die bepalings van regulasie 7 oortree;

(d) die bepalings van regulasie 8 oortree; of

(e) die bepalings van regulasie 9 oortree,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R5 000,00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

V 066362

82/6749 Z371

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KWITANSIE

RECEIPT

 Vou
 Fold

 Vou
 Fold

 9111
 Grootboekrek.
 verantwoordelikheid
 Ledger acc.
 responsibility

DEPARTEMENT VAN LANDBOU MINISTERIE VAN AGRIKULTURE	
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X250	
1996 -07- 02	
PRETORIA 0001	
FINANSIES/FINANCE	
Datumstempel Date stamp	

Rand	Sent • Cents
61	00

 Tipe ontvangste
 Type of receipts

2

Miljoen • Million	Duisend • Thousand		
Eenhede • Units	Honderd Hundred	Tien Ten	Eenhede Units

Honderd Hundred	Tien Ten	Eenhede Units	Sent Cents
			00

ONTVANG VAN • RECEIVED FROM

Coetzee JP.
Buis
Parys
9583

Ten opsigte van • In respect of

Brandmerk

Uitgereik deur • Issued by

G.P.S. 82/6749

 Uitgereik sonder benadeling van regte
 Issued without prejudice

 U/Kas. 12475
 Parys

 Vou
 Fold

Beag